



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.  

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
7. Beplan jou tyd só:  

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 Só 'n kans kom net een keer. [50]
- 1.2 Die foto's van my hoërskooljare [50]
- 1.3 Is ek reg vir 2017? [50]
- 1.4 Wen is nie alles nie. [50]
- 1.5 Ons moet meer liefhê. [50]
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Uit: [www.taalmonument.co.za](http://www.taalmonument.co.za)]

[50]

1.6.2



[Uit: [www.googleimages.com](http://www.googleimages.com)]

[50]

1.6.3



[Uit: [www.wegry.co.za](http://www.wegry.co.za)]

[50]

**TOTAAL AFDELING A:**

**50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**2.1 INFORMELE BRIEF**

Jou maat het op 'n meisie/seun verlief geraak, maar is te skaam om haar/hom te vertel.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan dié maat waarin jy hom/haar raad gee oor hoe om sy/haar gevoelens aan die meisie/seun oor te dra. [30]

**2.2 HULDEBLYK**

Jou klasmaat is skielik oorlede. Almal was lief vir hom/haar. Jy is gevra om namens die klas 'n huldeblyk te lewer.

Skryf die HULDEBLYK wat jy by die begrafnis gaan lewer. [30]

**2.3 RESENSIE**

Jy het 'n baie goeie Afrikaanse boek gelees en voel ander tieners moet dit ook lees.

Skryf 'n RESENSIE oor dié moet-lees-boek. [30]

**2.4 DIALOOG**

Dit is die eerste keer wat jy die geleentheid kry om met vakansie te gaan. Jy nooi jou vriend/vriendin om saam te gaan. Julle beplan en bespreek die vakansie.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou vriend/vriendin neer. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**3.1 PLAKKAAT**

Baie van jou vriende dink daar is geen toekoms in Suid-Afrika nie en hulle wil eerder oorsee gaan werk. Jy is trots Suid-Afrikaans. Jy besluit om die graad 12-leerders te oortuig om in Suid-Afrika te bly en hier 'n verskil te maak.

Maak 'n PLAKKAAT en gee die redes waarom jongmense in Suid-Afrika moet bly.

**[20]****3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Daar is 'n konsert in julle dorp/stad. Jy gaan die geleentheid kry om jou gunstelingsanger/-sangeres te ontmoet.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae hieroor soos volg:

- EEN inskrywing oor die dag voordat jy die konsert bywoon
- EEN inskrywing oor die aand na die konsert

**[20]****3.3 INSTRUKSIES**

Jou jonger boetie wil graag vir die familie 'n vleisbraai hou, maar weet nie hoe om 'n vuur te maak nie.

Verduidelik stap vir stap hoe hy die vuur moet maak totdat die vuur gereed is vir die vleisbraai.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**